H O O F S T U K V

SAMEVATTING EN SLOT.

1. Gebeurtenisse wat aan die plaaslike beheer gedurende die tydperk 1902 - 1910 ten grondslag lê.

Die jong Transvaalse volkie het nog met moeite en onder moeilike omstandighede voortgebeur op die weg na 'n nasionale onderwysstelsel met 'n eie aard en karakter, toe nuwe en groter probleme as gevolg van die ontstaan en ontwikkeling van die goudveld 'n kentering ook ten opsigte van die plaaslike beheer in die onderwys in die Zuid Afrikaansche Republiek teweeggebring het.

Die Transvaler het kennis gemaak met verskillende vorme van onderwysbeheer, wat gewissel het van hoogs gesentraliseerde tot staatsondersteunde onderwys met beheer wat by die partikuliere inisiatief berus het. Uit hierdie wisselvorme was 'n eie Christelik-nasionale onderwysstelsel, gefundeer op ouerplig en ouerreg, besig om uit te kristaliseer toe vreemdelingelemente en armoede onder die volk die owerheid genoodsaak het om onder sekere omstandighede volle beheer van die onderwys oor te neem. Die beginsel van plaaslike beheer is gehandhaaf, maar die lede van plaaslike liggame is deur die staat benoem en met adviserende magte beklee.

Sekere ouers, veral op die goudveld, moes weens hulle onvermoë om self vir die opvoeding van hulle kinders te sorg, tevrede wees met die staatskole. Na die oorlog sou hierdie en die ander verarmde Afrikaners genoeë neem met die staatskole.

Bedrywighede aan die politieke front het aanleiding gegee tot die Tweede Vryheidsoorlog, waardeur die nasionale onderwysstelsel van die Republiek ten einde geloop het. Hierdie totale uitwissing van dié onderwysstelsel het aan lord Milner die geleentheid gebied om sy eie aspirasies met die Afrikaner, ook deur middel van 'n nuwe onderwysstelsel, te verwesenlik.

Milner wou die inwoners van die kolonie angliseer, en die onderwys was juis 'n baie geskikte terrein om die

jeug te/.....

jeug te bemeester. Om sy doel te bereik, moes die ouer geen seggenskap hê oor die onderwys van die kind nie. Plaaslike beheer sou in die weg staan van 'n suksesvolle anglisasiebeleid. Die onderwys moes sentraal en burokraties beheer word, sodat Milner se ideaal verwesenlik kon word.

2. Eksperimentele periode in die plaaslike bestuur van staatskole.

Terwyl die oorlog nog aan die gang was, het Milner vir E. B. Sargant benoem om 'n begin te maak met die rekonstruksie van die onderwys. Sargant het duisende kinders in die konsentrasiekampe saamgetrek gevind. Die vaders van die kinders was aan die oorlogsfront, die moeders kon onder die moeilike omstandighede nie met die onderwys 'n begin maak en beheer nie. Vry staatsonderwys was die aangewese weg.

In die verskillende dorpe was die omstandighede nie anders nie en die stigting van staatskole het stadig maar seker gevorder. Van skoolkomitees was daar geen sprake nie. Die skole is deur die staat gestig en in stand gehou, die onderwysers is deur die owerheid benoem en die gees in die skole sou Brits wees.

Langs hierdie weg het baie ouers hulle versoen met die stelsel van staatskole waarmee 'n groot deel van die bevolking reeds voor die oorlog bekend was en waaraan hulle reeds gewoond was.

Sargant was 'n produk van die Engelse skoolstelsel en bekend met die beginsels van ouerseggenskap en ouerverantwoordelikheid in die onderwys. Hy wou dan ook, sodra die omstandighede dit sou toelaat, die beginsel van desentralisasie van die onderwysbeheer invoer, maar hy moes noodgedwonge swig voor die Milnerbeleid.

As gevolg van Sargant se begeerte om sekere administratiewe pligte aan plaaslike liggame oor te dra, en as gevolg van 'n ekonomiese resessie, wat 'n besnoeiing in die administratiewe onderwyspersoneel genoodsaak het, en die opkoms van privaatskole in ooreenstemming met die tradisies van die Afrikanervolk, is daar vir sekere skole plaaslike komitees in die lewe geroep. Dit tref mens dat twee soorte komitees erkenning geniet het, naamlik skoolkomitees vir openbare laerskole

met 'n inskrywing/.....

met 'n inskrywing van meer as 100 leerlinge, later meer as 60 leerlinge, en skoolkomitees vir die sogenaamde "fee-paying"- of "secondary"-skole. Eersgenoemde vorm van plaaslike beheer was suiwer staatsbeheer.

Die skoolkomiteelede, deur stemgeregtigde ouers en donateurs verkies, is deur die luitenant-goewerneur aangestel; hulle werksaamhede is deur regulasies neergelê en hulle is slegs met adviserende magte beklee, terwyl die beheer oor die "secondary schools" in die hande van 'n gedeeltelik benoemde en gedeeltelik deur die ouers verkose komitee was. Hierdie komitees het groter magte gehad, aangesien hulle gelde kon hef, staatsubsidie kon ontvang en verantwoordelik was vir die finansiële beheer en algemene bestuur van die skool. Die komitee kon onderwysers by die direkteur van onderwys aanbeveel vir benoeming.

Alhoewel die luitenant-goewerneur seggenskap gehad het by die samestelling van die skoolkomitee vir sekondêre of geldheffende skole en die komitee aan die owerheid verantwoording verskuldig was vir sy optrede, vind ons staatsondersteunde onderwys met 'n mate van ouerverantwoordelikheid en ouerseggenskap ten opsigte van die onderwys.

Die vervanging van Milner deur Selborne en die steeds toenemende eise en druk van die kant van die Afrikanerleiers, het daartoe aanleiding gegee dat Selborne 'n stap verder gegaan het met die desentralisasie van die onderwysbeheer as sy voorgangers.

Selborne het 'n deeglike ondersoek ingestel na die toestand van die onderwys in Transvaal, en hy is besonder beïndruk deur die verdienstelike werk van die skoolkomitees.

Voordat hy egter oorgegaan het tot die formulering van 'n nuwe onderwysbeleid, is samesprekings gevoer met die politieke leiers van die Het Volk-party. Die bestaan en snelle ontwikkeling van die C.N.O. is onder sy aandag gebring, en by hom kon geen twyfel bestaan het omtrent die begeertes van die Afrikanervolk nie, veral wat betref ouerseggenskap in die onderwys.

Op hierdie stadium het dit reeds duidelik geblyk dat sekere politieke leiers bereid was om groter offers te bring ter verkryging van nasionale eenheid en vrede

op onderwysgebied/.....

op onderwysgebied. Veral generaal J. C. Smuts, eens vurige ondersteuner van die beginsels van die C.N.O., het al meer en meer 'n konsiliasiebeleid begin volg.

Selborne het dan ook in sy minute van 17 November 1905 aandag geskenk aan twee kardinale verskilpunte tussen die owerheid en die voorstanders van Christelik-Nasionale onderwys, naamlik die aanstelling van die onderwyser en die taalvraagstuk.

Hy het voorgestel dat skoolkomitees deur die ouers gekies word vir elke skool met 'n inskrywing van meer as dertig leerlinge. Onder invloed van sir J. E. Adamson, direkteur van onderwys, het hy ook ingestem om adviserende skoolrade vir bepaalde distrikte in te stel. Een-derde van die lede sou deur die luitenant-goewerneur benoem word en die res deur lede van die skoolkomitees gekies word.

Skoolkomitees en skoolrade sou adviserende magte hê ten opsigte van sekere skoolbelange en ook by die aanbeveling van 'n onderwyser vir 'n vakante pos. Die skoolkomitee kon 'n naam van 'n onderwyser uit 'n goedgekeurde lys aan die skoolraad voorlê. Die raad moes op sy beurt die naam, met die nodige opmerkings, aan die direkteur stuur, by wie die finale beslissing sou berus. In die aangekondigde regulasies is afgewyk van die aanbevelings in die minute. By die vul van 'n vakante pos sou die departement van onderwys 'n uittreksel maak van die name van geskikte applikante en die naamlys deur bemiddeling van die skoolraad aan die skoolkomitee voorlê. Die skoolkomitee kon drie name uit die lys aan die skoolraad voorlê, wat die name tesame met hulle aanbevelings aan die direkteur moes stuur. Indien die skoolraad nie met die komitee se aanbeveling saamgestem het nie, kon hulle drie ander persone aanbeveel.

Die Selborne-minute kan beskou word as die magna charta vir plaaslike beheer in die onderwys van Transvaal, aangesien dit die basis vir die daaropvolgende onderwyswetgewing gevorm het.

Die groter magte wat die komitees van die geldheffende skole geniet het, het nie baie byval gevind by die nuwe owerheid nie, en samesmelting met die vry

staatskole/.....

is aanbeveel. Hierdie vereniging van die skole het uiteindelik plaasgevind.

Die skoolkomitees het veelvuldige pligte gehad maar weinig magte. Dieselfde geld vir die skoolrade, wat ook met toesighoudende funksies oor die skoolkomitees belas was. Die feit dat die skoolkomitee, wat die direkte verteenwoordigende liggaam van die ouers was, onder toesig van die skoolrade geplaas is, toon duidelik dat outoriteite nie veel waarde geheg het aan die wense van die ouers nie. Wat die benoeming van die onderwyser betref, was die keuse van die ouers beperk tot 'n lys van goedgekeurde onderwysers, en dan kon die direkteur van onderwys nog weier om die benoeming te maak.

Op hierdie wyse is die keuse van die ouer beperk en was daar geen sekerheid dat die ouderwyser wat uiteindelik benoem sou word, die Hollandse taal magtig was en die onderwys van sy kind in 'n christelike gees sou gee nie. Vir die Afrikaner was die uitbreiding van plaaslike beheer in die onderwys op hierdie grondslag nie aanneemlik nie.

Wat die skorsing en ontslag van die onderwyser betref, het die skoolkomitees ook weer net aanbevelende magte gehad. Die uiteindelike beslissing het by die direkteur van onderwys berus.

Die onderwyser is beskou as 'n staatsamptenaar en sy vryheid en sekuriteit is deur die owerheid, veral die direkteur van onderwys, baie hoog geag. In hierdie opsig het die staatskole die posisie van die onderwyser beveilig en het dit hom gevrywaar teen die gevaar dat hy na willekeur deur 'n skoolkomitee ontslaan kon word.

Die Engelse owerheid moes rekening hou met die eise en tradisies van die verowerde volk, maar terselfdertyd wou hulle nie die beheer oor die onderwys uit hulle hande laat gaan nie. Pogings is aangewend om die beginsel van ouerseggenskap in te voer, maar dit is op 'n baie versigtige wyse gedoen. Behalwe in die geval van Sargant se geldheffende skoolkomitee, het dit nooit verder gevorder as plaaslike onderwysliggame met adviserende magte nie.

Die heropbou/.....

Die heropbou van die onderwys het volgens 'n nuwe patroon geskied. In plaas daarvan dat die rekonstruksie uit en deur die volk geskied het, is dit van bo af op die volk afgedwing, en vandaar die sentrale beheer van die onderwys en die vrees om plaaslike inisiatief tot volle ontplooiïng te laat ontwikkel.

3. 'n Stryd om die behoud van ouerseggenskap en ouerverantwoordelikheid in die onderwys.

Die Afrikaner was daaraan gewoond om vir die onderwys van sy kind te sorg, en na die Tweede Vryheidsoorlog het verskillende privaatskole, op eie inisiatief en deur bemiddeling van die kerk, tot stand gekom as reaksie teen die Engelse staatskole.

Die spontane opkoms van skole volgens die vooroorlogse patroon en beginsels, is saamgesnoer in die beweging vir Christelik-Nasionale onderwys. Ten grondslag van die C.N.O. het gelê die reg van die ouer om vir die onderwys van sy kind te sorg. Die ouer kon hierdie reg uitoefen deur die onderwyser te benoem, wat verantwoordelik sou wees vir die onderrig van sy kind. Deur beheer uit te oefen oor die onderwyser, kon verseker word dat die onderwys in 'n Christelike gees gegee en die regte van die Hollandse taal beskerm word.

Die ouer was ook bereid om verantwoordelikheid vir die onderwys te aanvaar deur geldelike bydraes te gee, maar waar die ouer nie die volle verantwoordelikheid kon dra nie, moes die staat die skool subsidieer. Dit is juis om die verkryging van staatsubsidie dat die Afrikaner gestry het maar wat konsekwent deur die Engelse bewindhebbers en selfs later deur generaal Smuts geweier is.

In die Engelse staatskole met vry laer onderwys onder sentrale beheer, het die ouer geen seggenskap of verantwoordelikheid gehad nie. By herhaling is van owerheidsweë aangevoer dat die volk te arm was om die onderwys te bekostig, en sonder finansiële verantwoordelikheid kon geen seggenskap verkry word nie. In die staatskoolstelsel het die Boerevolk dan ook die sekularisasie van die onderwys gesien en, weens die miskenning van die regte van die Hollandse taal, 'n

bedreiging van sy eie nasionale voortbestaan.

Die Hollandse kerke het die C.N.O.-beweging sterk bepleit en bevorder. Aanvanklik was die fondse skaars en die werk is deur onderwysers uit die Republikeinse tyd teen karige salarisse verrig.

Die "Vriendenkring", 'n klein organisasie wat die belange van verarmde Hollandse onderwysers op die hart gedra het, is uitgebou tot die Hoofdkommissie vir C.N.O., wat die sentrale leiding van die C.N.O.-beweging op hulle geneem het. Die vernaamste funksies van die Hoofdkommissie was om die C.N.O.-skole te finansier met behulp van fondse wat uit Holland verkry is, 'n onderwysreglement op te stel, inspeksie te reël, die opleiding van onderwysers te organiseer en 'n stewige organisasie vir die C.N.O. daar te stel.

Die skole is deur ouers, wat 'n skoolkomitee gekies het om hulle skool te bestuur, gestig. Die skoolkomitee het gewoonlik 'n eie huishoudelike reglement opgestel waarvolgens die skool bestuur is. Met fondse wat die komitee self ingevorder het deur die heffing van skoolgelde en verkry het uit diverse donasies en subsidies wat hulle van die Hoofdkommissie ontvang het, moes hulle volle verantwoordelikheid vir hulle skool aanvaar: die geboue met toerusting voorsien, die salaris van die onderwysers betaal en alle lopende uitgawes dek. Dit was voorwaar nie 'n maklike taak nie en die onderwyser was gewoonlik die lydende party.

Die stryd van die verowerde volk om die volkseie te behou, het die ouer en onderwyser geïnspireer om te volhard. Weliswaar het daar ook langs die pad meer as een stryder uitgesak en by die staatskool 'n beter toekoms gesoek.

Die Hoofdkommissie vir C.N.O. het in samewerking met die kerk en die politieke organisasie Het Volk volhardend gepoog om die landsowerheid te beweeg om C.N.O.-skole te subsidieer of groter ouerseggenskap in staatskole te verkry. Alle pogings om die owerheid te oorreed, het misluk, totdat daar in die kamp van die voorstanders van C.N.O. verskillende denkrigtings ontstaan het oor die grondbeginsels van onderwysbeheer.

Veral twee/.....

Veral twee groepe het hulle onderskei: diegene wat stewige voorstanders was van vrye skole met staatsubsidie, en andere wat geen beswaar gehad het teen die staatskole nie, mits ouerseggenskap by die aanstelling van die onderwyser erken en die regte van die Hollandse taal gewaarborg sou word.

Onder laasgenoemde groep het die leiers van die Het Volk-party hulle bevind. Toe die geleentheid hom voorgedoen het, het generaal Smuts dan ook deur propagering van die beginsel van staatsonderwys met ouerseggenskap die ondersteuning van 'n groot gedeelte van die bevolking verkry. Die belofte van generaal Smuts om 'n onderwyswet op te stel wat staatsonderwys sou versoen met die beginsels van C.N.O., het dan ook die begin van die einde van die Christelik-Nasionale onderwysbeweging beteken.

Tot 1906 het die C.N.O.-skoolstelsel gebloei en gegroei, maar die stryd om finansies, die toegeefliker houding van die owerheid, die liberaler denkrigting by die politieke leiers van die volk en uiteindelik die vooruitsigte op verantwoordelike bestuur, het daartoe bygedra dat die stryd gewonne gegee moes word.

4. <u>Die staatsonderwys word gekonsolideer</u>.

Generaal J. C. Smuts, besiel met die ideaal van rassesamesmelting, het as minister van onderwys in die nuutgekose Wetgewende Vergadering 'n sorgvuldig uitgewerkte onderwyswet opgestel, wat die staatsonderwys in Transvaal gevestig het.

In sy onderwyswet het hy voortgebou op die beginsels van die Selborne-minute. Adviserende skoolrade is ingestel vir ses-en-twintig skoolraadsdistrikte en skoolkomitees vir alle openbare laerskole. Voorsiening is gemaak vir die instelling van beherende liggame vir hoërskole.

Twee-derdes van die lede van die skoolraad sou deur stemgeregtigde burgers, woonagtig binne die skoolraadsdistrik, gekies word, en een-derde sou deur die minister van onderwys benoem word. Die skoolrade was dus nie uitsluitlik ouerliggame nie, want hulle is deur alle stemgeregtigde burgers gekies. Skoolkomitees is deur die skoolouers van die betrokke skool gekies.

Die samestelling van beherende liggame sou deur-

regulasies bepaal/.....

lasies bepaal word en het van skool tot skool verskil.

Aanvanklik was daar heelwat onsekerheid en moeilikhede in verband met die werksaamhede van die skoolrade: die werk was baie vreemd, die lede sonder ervaring, die sekretarisse onbekend met die roetine, die verhouding tussen die rade, die departement en die inspektoraat onseker. Dit het aanleiding gegee tot die hou van skoolraadskonferensies. Die veld wat by die twee konferensies gedek is, die besluite wat geneem is en die gevolg wat deur die minister van onderwys aan die besluite gegee is, getuig van die belangrike plek wat die skoolrade in die onderwysadministrasie ingeneem het en die erkenning wat hulle gesag by die onderwysowerheid geniet het.

Aan die einde van die dienstermyn van die eerste skoolrade het die direkteur van onderwys in sy jaarverslag 'n gunstige oorsig oor die werksaamhede van die skoolrade gegee.

Die skoolkomitees is onder toesig van die skoolrade geplaas en alle sake moes deur die skoolkomitees aan die rade voorgelê word. Die rade kon finale beslissings vel oor skoolkomitee-aangeleenthede, of hulle kon dié sake met hulle aanbevelings aan die direkteur van onderwys stuur, by wie die finale seggenskap berus het.

Die skoolkomitees was gevoelig oor die geringe magte wat hulle gehad het, en die optrede van die skoolrade het soms meegebring dat botsinge tussen komitees en rade ontstaan het, veral ten opsigte van die benoeming van onderwysers en die toekenning van toelaes.

Genoegsame inligting bestaan om aan te toon dat die belangstelling van die ouers by die verkiesing van skoolkomitees nie altyd na wense was nie. In sommige gevalle kon daar met moeite in geslaag word om 'n komitee saam te stel.

Die beherende liggame het nie onder toesig van die skoolrade gestaan nie en hulle kon direk met die departement in verbinding tree. Alhoewel betreklik min bekend is oor die werksaamhede van hierdie liggame, en die regulasies vir die Pretoriase en Potchefstroomse Hoërskole eers gedurende 1910 aangekondig is, blyk dit uit enkele opmerkinge dat goeie werk deur hierdie

plaaslike besture gedoen is.

Een van die belangrike redes waarom die C.N.O.-skole by die staatskole aangesluit het, was die versekering wat die koloniale sekretaris (ook minister van onderwys) gegee het dat die ouers groter seggenskap by die benoeming van die onderwyser sou hê. In die wet is dan ook voorsiening vir hierdie beginsel gemaak en die besonderhede is deur regulasies bepaal.

Die departement moes 'n naamlys van applikante vir 'n vakante pos aan die skoolraad voorlê. Die skoolraad moes die skoolkomitee versoek om die name van drie onderwysers by hulle aan te beveel. Die skoolraad het die aanbevelings oorweeg, dit goedgekeur of sy eie aanbevelings gemaak. Die aanbevelings van albei liggame is aan die direkteur voorgelê. Indien die direkteur nie tevrede was nie, is die saak terugverwys vir verdere aanbevelings. Waar ook hiérdie aanbevelings nie aanneemlik was nie, is die name aan die Onderwysraad deurgestuur vir aanbeveling en afhandeling deur die minister van onderwys.

Uit die voorgeskrewe prosedure blyk dadelik dat ouerseggenskap by die benoeming van die onderwyser onderhewig was aan twee belangrike faktore: die verhouding tussen skoolraad en skoolkomitee en die waarde wat die direkteur van onderwys aan die aanbeveling van die skoolkomitee sou heg.

Waar die algemene verhouding tussen skoolraad en skoolkomitee gesond was, kon met reg verwag word dat, indien 'n skoolkomitee persone met die vereiste kwalifikasies sou aanbeveel, die skoolraad die skoolkomitee in hulle keuse sou steun. Waar dit nie die geval was nie, sou dit daarvan afhang aan wie se aanbeveling die direkteur van onderwys voorkeur sou gee.

Die direkteur van onderwys, sir. J. E. Adamson, was 'n voorstander van skoolrade en glad nie ten gunste van skoolkomitees nie. Volgens sy beskouing moes die aanbevelings van die skoolraad groter gewig dra. Onder die werking van die wet het dit dan ook al meer en meer geblyk dat die skoolkomitees 'n vyfde wiel aan die wa was. Waar skoolraad en skoolkomitee mekaar nie kon vind nie, het die ouerseggenskap, sover dit die aanstelling van die onderwyser betref, van nul en gener waarde geword.

Volgens/.....

Volgens inspekteurs van onderwys was daar ook baie gevalle waar samewerking tussen skoolraad en skoolkomitee baie hartlik was en waar die skole onder bestuur van die plaaslike liggame gefloreer het.

Die groot leemte in die wet het dus in die eerste plek nie in die inhoud nie maar in die praktiese uitvoering daarvan gelê.

5. Slotopmerkinge.

Tussen die jare 1902 en 1910 maak ons kennis met twee onderwysstelsels, gefundeer op twee verskillende beginsels van beheer. Die een stelsel gaan uit van die ouer en die ander van die staat; dit wil sê, ons het hier te make respektieflik met ouerbeheer en staatsbeheer in die onderskeie stelsels.

Die twee stelsel kan moeilik met mekaar vergelyk word in hulle organisatoriese en administratiewe aspekte. Die ouerbeheer- of C.N.O.-stelsel het onder moeilike finansiële en na-oorlogse omstandighede 'n bestaansmoontlikheid gesoek. Dit was 'n stelsel wat spontaan en vinnig uit die volk gegroei het, en die hoë eise om in die finansiële behoeftes te voorsien, het die tyd ontneem om 'n behoorlike, goed georganiseerde sisteem te skep. Elke groep ouers het sy eie skool gestig, sy skoolkomitee gekies en die huishoudelike reëls volgens sy eie opvatting opgestel, waarvolgens die skool dan bestuur sou word.

Die staatsbeheerstelsel, daarenteen, was aanvanklik hoogs gesentraliseerd. Die onderwysbeheer is deur wetgewing en regulasies vasgelê en daar was geen onsekerheid oor die beheeraspekte van die onderwys nie. Die staat het oor die fondse beskik en kon die nodige kontrole uitoefen. Gaandeweg het groter desentralisasie in die staatsonderwysbeheer plaasgevind, totdat die Smutswet die finale beslag aan die huidige mate van plaaslike beheer in die onderwys van die staatskole in Transvaal gegee het.

Die Smutsonderwyswet het 'n stewige onderwysbeheerorganisasie geskep wat die onderwysorganisasie en -administrasie in die moeilike na-oorlogse jare ten goede gestrek het. Verpligte laer onderwys met die beginsel van sentralisasie en met die nodige plaaslike toesig om die bepalings van die wet toe te pas, het

die onderwys/.....

die onderwys vinnig laat uitbrei en aan elke kind in die provinsie gelyke geleenthede gebied om die nodige onderwys te ontvang.

Om prinsipiële en historiese redes kan die hand van die staat nie uit die skool geweer word nie. Die staat as eenheidsorganisasie in die gemeenskap moet beheer hê oor die skoolorganisasie. Dit is die aangewese mag vir die koördinasie van die skooladministrasie, die enigste mag om leerplig in te voer en toe te sien dat dit uitgevoer word. Die staat het die regterlike mag om toesig te hou oor die peil van die onderwys, dit is die oplêer van belastings, en dit vereis 'n minimum van opvoeding, derhalwe moet dit ook die onderwys finansier [1].

Die staat moet as handhawer van die reg in die gemeenskap ook in die opvoeding die reg handhaaf, gestigte skole moet gehandhaaf en beskerm word en die skoolpersoneel, professioneel, administratief en ander moet besoldig en van lewensmoontlikheid verseker word. Die staat moet ook aan alle burgers van die staat gelyke opvoedingsgeleenthede bied.

Verder is die staat ook geroepe om toe te sien dat die inhoud van die onderwys sodanig is dat dit nie staatsvernietigend of sede-bederwend is nie.

Die uitgangspunt van die opsteller van die wet van 1907, n.l. dat die doel van die onderwys die bevordering van die eenheidsgedagte van Boer en Brit is, moet sonder meer veroordeel word. Die gebruik van die onderwysorganisasie en daarmee ook die plaaslike beheer in die onderwys om hierdie gedagte uit te voer, kan nie versoen word met waardige ouerseggenskap in die onderwys nie.

Skoolkomitees, draers van die Afrikanergedagte, sou noodwendig daarna strewe om die goedgesinde Afrikaner as onderwyser vir hulle kinders te benoem, skoolrade het gepoog om van eentalige Engelse onderwysers op die platteland ontslae te raak, en op hierdie wyse het wrywing ontstaan, want die staat moes die Engelstalige amptenare beskerm. Weens die gesagsuitoefening van bo het veel van die bedoelde ouerseggenskap verlore gegaan, en wel in so 'n mate dat die skoolkomitee in meer as een opsig oorbodig geword het.

Die saamgroepering/.....

---

1. Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 128.

Die saamgroepering van die kinders van ongelykgesinde ouers in dieselfde skool, met die doel om rassesamesmelting te bevorder, is in stryd met die beginsels van die C.N.O. In 'n skool waar twee rassegroepe, met verskillende kultuuragtergrond en in baie opsigte ook geloofsoortuiging, kan die onderwys moeilik christelik en nasionaal wees. Die godsdiensklousule (artikel 34) moes dan ook in die wet opgeneem word, sodat geloofsverskille nie die beoogde nasionale eenheid sou dwarsboom nie. Rasse-eenheid kon ook nie verkry word met die behoud van twee landstale nie, en derhalwe moes die Hollandse taal na standerd drie vervang word deur die taal van die veroweraar.

Prinsipieel gesien, het die ouer groot belang by die onderwys en opvoeding van die kind. Die ouer is verantwoordelik vir die liggaamlike en geestelike versorging van sy kind, en die voorskoolse kind is algeheel afhanklik van die ouer vir sy geestelike en verstandelike vorming. Wanneer die tyd aanbreek om na die skool te gaan, word die afhanklike deur die ouer aan die skool toevertrou vir verdere onderwys en opvoeding, sonder om daarmee sy verantwoordelikheid prys te gee. Die ouer moet nog toesien dat die onderwys van sy kind in die regte gees en rigting gegee word. Om dit te verwesenlik moet daar intense belangstelling van die kant van die ouer in die skool en 'n intieme verhouding tussen die ouer en die skool wees.

Uit die voorgaande blyk dit dat die opvoeding en onderwys van die kind 'n gesamentlike onderneming van die ouer en die staat is. Die ouer sowel as die staat het sekere verantwoordelikhede en regte ten opsigte van die opvoeding en onderwys.

Indien die huidige onderwysbeleid in oënskou geneem word, blyk dit dat daar reeds gevorder is op die weg na die verkryging van sekere C.N.O.-beginsels in die onderwys. Die onderwysordonnansie van 1953 het reeds die beginsel van moedertaalonderwys vasgelê, dit wil sê op kulturele grondslag is of kan skole gestig word wat deur min of meer gelykgesinde kinders besoek kan word. Ten tweede is die godsdiensklousule sodanig gewysig dat godsdiensonderwys in plaas van slegs Bybelse geskiedenis in skole gedoseer mag word. Daar

is selfs/.....

is selfs verder gegaan, deur naamlik die Geloofsbelydenis van die drie Afrikaanse kerke in die leergang vir godsdiensonderrig in te sluit.

In die geheel gesien, kan die gees en rigting binne die openbare skole as christelik en nasionaal beskou word.

Wanneer die ouerverantwoordelikheid en ouerseggenskap in die onderwys betrag word, dan moet erken word dat die ideaal waarna die voorstanders van C.N.O. strewe nog nie bereik is nie.

In die huidige staatskoolstelsel dra die ouer baie min of geen verantwoordelikheid nie. Inteendeel, die geleenthede om skoolopvoeding te ontvang het so maklik geword dat die skool as vanselfsprekend aanvaar word. Die skool het 'n publieke diens van die staat geword en die skool moet diens lewer, want die ouers betaal belasting.

'n Baie klein persentasie van die hedendaagse skoolouers stel nog werklik belang in en ken hulle verantwoordelikheid teenoor die skool. 'n Groter persentasie is heeltemal onverskillig of staan selfs afbrekendkrities of aggressief teenoor die skool en die skoolopvoeding in die algemeen.

Die ouer en die skool hoort bymekaar. Die goeie gesindheid tussen skool en ouer, wat sal lei tot groter offervaardigheid, moet gekweek word. Die kweekproses kan geskied langs die weg van wedersydse kennis van mekaar, wat sal lei tot groter wedersydse belangstelling en uiteindelik tot groter liefde. Liefde baar offervaardigheid.

In die praktyk kan veel bereik word deur ouer-onderwysersverenigings by skole te stig. By die vergaderings van hierdie verenigings kan die wedersydse kennis uitgebrei word wat dan ook die besef tot groter verantwoordelikheid sal prikkel. Ouerseggenskap by die oprigting van skole, by die instandhouding en beheer van die onderwys is nog steeds adviserend van aard.

Aangaande die oprigting van skole word die owerheid deur die skoolraad geadviseer met betrekking tot die wenslikheid van die stigting van nuwe skole en die oprigting van nuwe skoolgeboue. Die inisiatief van 'n groep ouers of van 'n skoolkomitee om vertoë tot die

skoolraad/.....

skoolraad in verband met 'n nuwe skool of skoolgebou te rig, word hulle nie ontneem nie. Alhoewel die finale beslissing ten opsigte van bogenoemde aanbevelings by die direkteur van onderwys berus, word die wense van die plaaslike inisiatief, binne die raamwerk van 'n neergelegde beleid simpatiek oorweeg.

Groter verantwoordelikheid en seggenskap ten opsigte van die instandhouding van die onderwys raak die beginsel van gratis onderwys. Waar die staat skoolplig neerlê, word hy ook genoodsaak om die onderwys te finansier. Met reg kan van die staat verwag word om die grootste bydrae te lewer, maar die ouers kan en mag nie heeltemal onthef word van sy verantwoordelikheid nie. 'n Verpligte bydrae deur die ouer tot die skoolfonds of die voorsiening van die boeke en skryfbehoeftes vir sy kinders of moontlik ook 'n plaaslike belasting ter bestryding van die koste van die onderwys , sal by die ouer en selfs by die algemene publiek 'n groter waardebesef van die onderwys ontwikkel en inderdaad ook 'n groter aanspraak op meer seggenskap in die onderwys.

Die huidige stelsel van ouerbeheer in die onderwys, en hier in die besonder by die benoeming van die onderwyser, laat nog te wense oor. Gesien teen die agtergrond van die Smutswet, waar die aanbevelings van die skoolraad deurslaggewend was, is daar reeds vordering gemaak, in dié opsig dat die aanbeveling van die skoolkomitee gelykwaardig is aan die van die skoolraad. Die finale beslissing berus nog by die direkteur van onderwys, en indien hy nie tevrede is met die aanbevelings nie, kan die saak terugverwys word na die betrokke liggame vir verdere aanbevelings.

Die groot gebrek in die stelsel lê egter by die bevoegdheid, al dan nie, van die liggame wat die onderwyser moet keur en aanbeveel. Dikwels geskied die seleksie op 'n baie subjektiewe wyse.

Om die ouer die geleentheid te bied om 'n finale keuse te doen en om sekere gebreke in die huidige stelsel uit te skakel, word aan die hand gedoen dat die onderwysdepartement, desnoods met behulp van 'n raad vir die doel benoem, die applikante keur. Die

name van/.....

name van 'n aantal bevoegde kandidate word dan aan die skoolkomitee voorgelê, waaruit die komitee 'n finale keuse kan maak. Die keuse van die komitee moet dan deur die direkteur van onderwys in die betrokke pos benoem word. Op hierdie wyse word die ouer die geleentheid gebied om uit 'n gekeurde lys die onderwyser na eie keuse aan te stel.

Waar die staat, skool en huis nou saamwerk in belang van die opvoeding en onderwys, is dit nodig dat die staat en die ouer elk sy bydrae sal lewer deur 'n eie verantwoordelikheid en regmatige seggenskap in die beheer van die onderwys.